



MEATMASTER GENETIESE VERSLAG

21 September 2026



MNR. J. JACO BOTHA

KKM : ZBB



CERTIFICATE
OF QUALITY

Valid up to
October 2029

 **SA** STAMBOEK
STUD BOOK
'n Storie met twee kante

Hierdie **Genetiese Verslag** van u kudde stel u in staat om die genetiese meriete en potensiaal van die diere in u kudde te bepaal. Diere se prestasie word beïnvloed deur twee faktore, naamlik die omgewing (bestuur) en genetika. Goeie voeding en bestuur sal diere se prestasie verbeter, maar 'n dier kan nie beter presteer as wat sy genetiese vermoë hom toelaat nie. Goeie prestasie as gevolg van die omgewing word ook nie oorgeërf na die volgende generasie nie. Dit is dus van kardinale belang om nie genetiese verbetering af te skeep nie. As gevolg van die interaksie tussen die omgewing en genetika is dit egter moeilik om te weet watter diere geneties meerderwaardig is. Gevolglik word teelwaardes (EBV = *Estimated Breeding Values*) beraam vir elke dier wat die genetiese vermoë van die dier aandui, asook die dier se waarde as ouer van die volgende generasie. Hiermee kan diere regverdig met mekaar vergelyk word **binne die ras**, selfs oor kuddes, jare en produksie stelsels. Resultate van hierdie verslag stel die teler in staat om die onderliggende genetika van die diere te identifiseer en te vergelyk.

Genetiese parameters

Genetiese parameters (oorerfbaarheid en korrelasies) word bereken op 'n rasbasis en word benodig vir die beraming van teelwaardes. Die **oorerfbaarheid** verwys na die gedeelte van die variasie van 'n eienskap in die ras wat deur oordraagbare genetika verklaar word. Die res van die variasie van 'n eienskap is as gevolg van omgewingseffekte en nie-oordraagbare genetika. Sommige eienskappe is geneties gekoppel aan mekaar wat beteken dat 'n verandering in een eienskap sal lei tot 'n verandering in 'n ander eienskap. Hierdie verhouding tussen eienskappe is **genetiese korrelasies** en kan voor- of nadelig wees.

Teelwaardes

Die beraming van teelwaardes (EBV) maak gebruik van prestasie-metings van die dier en alle verwantes, stamboom-inligting en genetiese parameters. Die diere se metings relatief tot die gemiddeld van die kontemporêre groep word gebruik. 'n **Kontemporêre groep** is 'n groep diere wat blootgestel was aan dieselfde fisiese en biologiese omstandighede, insluitend kudde, jaar, geslag en ouderdom. Nadat al hierdie faktore in ag geneem is, kan verskille tussen diere toegeskryf word aan 'n verskil in hul genetiese vermoë. Dit is die beginsel waarop genetiese analises berus.

Die EBV waarmee 'n dier gebore word, is gelyk aan die gemiddelde EBV van sy ouers, aangesien 'n dier die helfde van elke ouer se gene ontvang. Hierdie mid-ouerwaarde maak die aanname dat presies dieselfde helfde van die ouers se prestasie oorgedra word aan elke nageslag. In realiteit ontvang alle nageslag egter selde dieselfde helfde vanaf die ouers en is die mid-ouer waarde se akkuraatheid dus laag. Dit gee egter wel 'n aanduiding van die gemiddelde

genetiese vlak van die jong diertjie op grond van sy ouerinligting. Soos meer inligting beskikbaar word oor 'n dier (metings en metings vanaf nageslag en ander verwantes), word sy werklike genetiese vermoë al hoe akkurate beraam. Beraamde teelwaardes verander dus oor tyd soos meer inligting beskikbaar word. EBVs van diere word gepubliseer saam met 'n **akkuraatheid (%)**, wat aandui hoeveel inligting beskikbaar was vir die beraming van die EBV en hoeveel vertroue 'n teler dus daaraan kan heg. Faktore wat 'n rol speel by die akkuraatheid van 'n EBV, is die oorerfbaarheid van die eienskap, die aantal verwantes wat gemeet is, die grootte van die kontemporêre groep wat betrokke is, die akkuraatheid van meting en die volledigheid van stamboom-inligting. Wanneer 'n akkuraatheid van 85% en meer bereik word, behoort die EBV nie meer betekenisvol te verander soos meer inligting in opvolgende genetiese ontledings ingesluit word nie.

Interpretasie van teelwaardes

EBVs word rondom 'n **basisjaar** (5 jaar terug) uitgedruk, wat beteken dat die gemiddelde dier gebore in die basisjaar se EBV gelykgestel word aan nul en alle ander diere in die ontleding se teelwaardes word dan relatief tot die gemiddelde dier uitgedruk. 'n Dier met 'n EBV van +1kg vir speengewig se genetiese potensiaal is dus 1kg hoër as die gemiddeld van die basisjaar. EBVs dui verder die genetiese potensiaal van diere **relatief tot mekaar** aan. Die werklike prestasie van 'n dier kan nie vanaf die EBV uitgewerk word nie, maar dit stel wel 'n teler in staat om te weet watter diere geneties 'n sterker bydrae tot die volgende generasie sal lewer. Die teelwaardes alleen is nie altyd maklik interpreteerbaar nie. Daarom word teelwaardes ook uitgedruk as teelwaarde-indekse. Die gemiddelde teelwaarde van die **aktiewe populasie** word gelyk gestel aan 100 en 'n standaardafwyking van 12 word gebruik. 'n Teelwaarde Indeks van 76 is dus 2 standaardafwykingseenhede onder die gemiddeld, terwyl 112 een standaardafwyking bokant die gemiddeld van die aktiewe diere van die populasie is. Let wel dat negatiewe teelwaardes egter gunstig is vir Interlam-Periode (ILP) en Ouderdom Eerste Lam (OEL) : korter ILP en jonger OEL EBVs dui op beter vrugbaarheid. Alle teelwaarde-indekse word egter uitgedruk op dieselfde manier, naamlik dat indekse bokant 100 gewens is, om sodoende maklik meerderwaardige diere vir alle eienskappe vinnig te kan identifiseer.

Die data gebruik in hierdie evaluasie is verkry vanaf LOGIX, soos deur telers verskaf. Alle pogings is aangewend om die inligting korrek aan te bied. SA Stamboek aanvaar geen verantwoordelikheid vir die gebruik en vertolking van inligting verskaf oor diere in hierdie publikasie nie.

Seleksie-Indekse

Dit is maklik om te selekteer op slegs een eienskap, maar in realiteit is dit nie die beste benadering nie. Seleksie vir een eienskap kan lei tot die verswakking van prestasie in 'n ander eienskap as gevolg van genetiese korrelasies. Verskillende eienskappe is belangrik, met sommige belangriker as ander. 'n Seleksie-indeks kombineer verskillende eienskappe en maak gebruik van ekonomiese gewigte om die verskil in belangrikheid in ag te neem. Eienskappe kan nie net bymekaar getel word nie aangesien dit in verskillende eenhede uitgedruk word, verskillende variasies toon en omdat negatiewe waardes soms voordelig is. Hierdie faktore word in ag geneem met die samestelling van 'n seleksie-indeks. 'n Algehele seleksie-indeks sluit al die ekonomies belangrike eienskappe in, terwyl ander indekse net op sekere eienskappe fokus om spesifieke teeldeelwitte aan te spreek. Die seleksie-indekse word op dieselfde basis uitgedruk as die teelwaarde-indekse, met ander woorde uitgedruk rondom 100, waar 100 die gemiddeld van die aktiewe populasie is, met 12 as standaardafwyking. 'n Indeks van 124 is dus 2 standaardafwykings bokant die aktiewe gemiddeld van die populasie, terwyl 'n indeks van 88 een standaardafwyking onder die gemiddeld van die aktiewe populasie is.

Drie seleksie-indekse word vir die Meatmaster ras saamgestel, naamlik die Groei Indeks, Reproduksie Indeks en die Logix Meriete Indeks. Die doel van hierdie indekse en die bydrae van die verskillende eienskappe tot die indekse word vervolgens bespreek.


Logix Meriete Indeks (LMI)

Hierdie indeks omvat al die eienskappe om te selekteer vir 'n gebalanseerde, winsgewende dier wat vrugbaar is en steeds goed produseer sonder om uitsonderlike groot volwasse gewigte te bereik. Baie groot diere benodig meer voer vir hulle onderhoudsbehoefes. Dit is dus duurder om hulle te onderhou en hulle is meer geneig om swaar te kry in moeilike tye, soos droogtes. 'n Penalisasie word dus geplaas op die teelwaarde van Na-Speen Gewig (aangedui met 'n negatiewe waarde). Die LMI kan gebruik word om diere te selekteer met die genetiese potensiaal om swaarder te weeg by speen (beide as gevolg van die dier se eie potensiaal om te groei en moeders wat genoeg melk produseer), te lam op 'n jonger ouderdom, gereeld te lam, meerlinge te gee en minder kos nodig het vir onderhoud. Die LMI is veral belangrik vir volhoubaarheid van die kudde, dus om goeie vervangingsdiere mee te selekteer.

Die samestelling van die LMI is as volg :

$$(0.10 * OEL) + (0.05 * ILP) + (0.33 * Speen Dir) + (0.17 * Speen Mat) + (0.25 * N_Lam_Speen) - (0.10 * Na-Speen)$$

Skematies kan dit as volg verduidelik word :



Groei Indeks (GI)

Die Groei Indeks dui groei potensiaal tot en met na-speense gewig aan en is 'n kombinasie van Speen Direkte, Speen Maternale en Na-Speense teelwaardes. Die Groei Indeks is handig om die voordeel wat 'n dier in 'n kruisteelstelsel sal hê, aan te dui.

Die samestelling van die GI is as volg :


$$GI = 0.54 \text{ Speen Dir} + 0.26 \text{ Speen Mat} + 0.2 \text{ Na-Speen}$$

Reproduksie Indeks (RI)

Hierdie indeks sluit die komponente van TWW, naamlik Aantal Lammers Gespeen, Maternale en Direkte Speengewig in, asook Ouderdom 1ste Lamming en Interlam Periode. Hierdie seleksie-indeks is veral belangrik vir die ontwikkeling van 'n moederlyn. Die samestelling van die RI is as volg :

$$(0.15 * OEL) + (0.05 * ILP) + (0.10 * Speen Dir) + (0.35 * Speen Mat) + (0.35 * N_Lam_Speen)$$

Skematies kan dit as volg verduidelik word :



Meatmaster

Genetiese Gemiddeldes van Diere

Eienskap	Kudde **			Ras		
	Alle	Ramme	Ooie	Alle	Ramme	Ooie
Speengewig Direk	-0.54	-0.30	-0.63	-0.08	0.05	-0.14
Speengewig Maternaal	-0.68	-0.43	-0.77	-0.03	0.00	-0.05
Speengewig Kombinasie	-0.95	-0.58	-1.09	-0.07	0.02	-0.12
Na-Speen Gewig	-1.61	-1.42	-1.68	-0.49	-0.30	-0.59
Aantal Lammers Gespeen	0.49	0.50	0.49	0.59	0.70	0.53
Totale Massa Gespeen	-0.93	-1.11	-0.43	0.24	0.47	0.13
Ouderdom by Eerste Lam	-4.27	-4.92	-4.03	-0.13	-0.01	-0.20
Inter-lam Periode	-2.35	-5.53	-1.19	-0.36	-0.56	-0.25
Seleksie Indekse						
Logix Meriete Indeks	91	95	89	95	96	95
Reproduksie Indeks	91	95	89	97	97	97
Groei Indeks	87	90	86	94	95	94
Inteling						
Inteling (%)	3.53	2.40	3.94	4.09	4.45	3.92
Aantal Diere						
Aantal diere	15	4	11	33272	10479	22715

** Gemiddeldes van alle aktiewe diere in die kudde.

Teelwaarde Indekse


Eienskap	Kudde **		
	Alle	Ramme	Ooie
Speengewig Direk	89.8	92.0	89.0
Speengewig Maternaal	86.1	90.4	84.5
Speengewig Kombinasie	85.4	89.5	84.0
Na-Speen Gewig	88.8	89.9	88.4
Aantal Lammers Gespeen	97.8	97.8	97.8
Totale Massa Gespeen	89.7	92.0	88.8
Ouderdom by Eerste Lam	112.1	113.6	111.6
Inter-lam Periode	99.8	104.9	98.0
Seleksie Indekse			
Logix Meriete Indeks	90.5	94.8	89.0
Reproduksie Indeks	90.9	95.1	89.4
Groei Indeks	87.0	89.9	86.0
Inteling			
Inteling (%)	3.53	2.40	3.94
Aantal Diere			
Aantal diere	15	4	11

** Gemiddeldes van alle aktiewe diere in die kudde.

Inteling

Notas

- Inteling veroorsaak hoofsaaklik verlaagde vrugbaarheid en lammers wat moeiliker oorleef.
- Die effek van inteling kan reeds by sommige diere waargeneem word by vlakke so laag as 6.25%.
- Daar word dus sterk aanbeveel dat stamboom inligting so korrek en volledig as moontlik gehou word, en dat 'n telingsprogram gebruik word om onverwante ramme uit te soek.
- Ontbrekende of foutiewe stamboominligting moet aangemeld word by SA Stamboek.
- Inteling is afhanklik van stamboominligting. 'n Algoritme word gebruik vir die berekening van inteling, wat 'n gemiddelde intelingskoëffisiënt toeken aan onbekende ouers, op grond van die generasie waaruit hulle kom. Diere met onbekende ouers het dus ook intelingskoëffisiënte, wat 'n meer akkurate weerspieëling van die inteling van u kudde en ras is.



Intelingsvlak van Spesifieke Parings

Diere met Ouers	:	25%
Volbroer x Volsuster	:	25%
Halfbroer x Halfsuster	:	12.5%
Gemeenskaplike grootouer	:	6.25%
Gemeenskaplike groot-grootouer	:	3.125%

Vlak en Tempo van Inteling

Jaar of Birth	Vlak* (%)	Tempo (% / jaar)
2017 - 2026	7.04	0.59
Aanbeveling :	< 6.25	< 0.1 - 0.2

*Van die laaste Geboortejaar

Stamboom Inligting


	Aantal	%
Bekende vaders	15	100
Bekende moeders	14	93

Let wel: Indien stamboom inligting onvolledig is, word inteling onderskat.

Genetiese Vensters

Alle diere in die kudde

Aantal: 15




- SPd:** Speengewig Direk
- SPm:** Speengewig Maternaal
- SPc:** Speengewig Kombinasie
- NS:** Na-Speen Gewig
- L-spn:** Aantal Lammers Gespeen
- TWW:** Totale Massa Gespeen (Total Weight Weaned)
- OEL:** Ouderdom by Eerste Lamming
- ILP:** Inter-lam Periode
- RI:** Reproduksie Indeks
- GI:** Groei Indeks

Die genetiese vensters verskaf 'n vinnige oorsig van die genetiese status van die kudde in vergelyking met die ras. Die waardes wat hier aangebied word, is die gemiddelde teelwaarde-indeks en seleksie-indeks van al die aktiewe diere van die kudde, van die vaders en moeders van die aktiewe diere van die kudde, asook van die aktiewe ooie en ramme wat jonger as 2-jaar oud is. 'n Indeks van 100 is gelyk aan die gemiddeld van die aktiewe gemete diere van die ras. As gevolg van die hoër seleksie-intensiteit van ramme (seleksie is strenger aangesien minder diere geselekteer word om mee te teel), is die verwagting dat die gemiddeldes van die vaders in die kudde beter is as dié van die ooie. Streef altyd om ramme te selekteer wat die kudde sal verbeter. Onthou dat die teelwaarde-indeks vir OEL en ILP so uitgedruk word dat 'n indeks bo 100 steeds beter diere aandui, dus diere met 'n laer teelwaarde vir hierdie eienskappe.

Genetiese Vensters


Moeders

Aantal: 14




Vaders

Aantal: 12




Jong Ooie

Aantal: 4



Jong Ramme

Aantal: 1



Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.

Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.

Vir OEL en ILP is kudde
genetiese tendense onder
ras gemiddeldes gewens.

Genetiese Tendense van Ras

Geb. jr	Speengewig EBV				Na-speen		Lammers Gespeen		TWW		OEL		ILP		RI		LMI	
	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV
2014	2768	-0.70	-0.54	-0.89	1344	-2.17	1129	0.21	2768	89	1363	3.25	1019	0.48	2768	86	2768	86
2015	3224	-0.51	-0.38	-0.63	1476	-1.56	1066	0.16	3224	91	1297	2.63	880	-0.26	3224	89	3224	89
2016	2994	-0.40	-0.43	-0.63	1674	-1.28	1252	-0.47	2994	92	1656	2.50	1234	1.07	2994	89	2994	89
2017	2937	-0.20	-0.41	-0.51	1491	-0.92	1326	-0.57	2937	92	1935	2.36	1440	1.11	2937	89	2937	89
2018	3790	-0.09	-0.23	-0.28	2173	-0.88	1417	-0.41	3790	94	1822	2.15	1212	0.70	3790	92	3790	92
2019	4281	-0.05	-0.12	-0.15	1997	-0.44	1217	-0.58	4281	94	1668	1.81	1280	0.50	4281	93	4281	92
2020	3443	-0.08	-0.10	-0.14	2062	-0.41	1878	-1.38	3443	94	2008	1.21	1538	-0.31	3443	94	3443	93
2021	4483	0.00	0.00	0.00	2120	0.00	1584	0.03	4483	96	2151	0.00	1550	0.00	4483	97	4483	96
2022	5249	0.03	-0.06	-0.05	2476	-0.11	2167	-1.03	5249	95	2259	0.05	1542	-1.27	5249	95	5249	95
2023	6336	0.27	-0.11	0.02	2328	0.31	2097	-0.74	6336	94	2276	0.62	1289	-0.97	6336	93	6336	94
2024	7264	0.27	-0.09	0.05	2650	0.61	1115	0.20	7264	95	1853	0.69	489	0.59	7264	95	7264	95
2025	6535	0.34	0.01	0.18	2250	1.00	83	1.28	6535	98	440	-0.86	5	-5.27	6535	98	6535	98

Genetiese Tendense van Kudde

Geb. jr	Speengewig EBV				Na-speen		Lammers Gespeen		TWW		OEL		ILP		RI		LMI	
	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV

Teelwaarde en Seleksie Indeks Persentiele

In die onderstaande tabelle word die rangering van die diere se EBVs en Seleksie Indekse in persentiele aangedui.

Byvoorbeeld, as 'n dier se EBV tussen die maksimum waarde en 99% persentiel val vir 'n spesifieke eienskap, beteken dit dat hierdie dier in die top 1% van die aktiewe populasie val, of hierdie dier se genetiese meriete vir die spesifieke eienskap is beter as 99% van die aktiewe diere van die populasie.

Indien die EBV vir 'n spesifieke eienskap tussen 5% en 10% is, beteken dit dat die dier in die onderste 10% van die ras vir die spesifieke eienskap val, of die dier se genetiese meriete vir die eienskap is slegter as 90% van die diere in die aktiewe populasie.

Let op dat die persentiele vir Ouderdom Eerste Lamming en Interlam Periode op die omgekeerde skaal werk.

Alle Aktiewe Diere

Eienskap	Gem	SA*	Min	Persentiele (%)															Max
				1	5	10	20	25	30	40	50	60	70	75	80	90	95	99	
Speengewig Direk	-0.08	1.11	-3.81	-2.07	-1.47	-1.22	-1.02	-0.88	-0.77	-0.56	-0.33	-0.02	0.35	0.57	0.84	1.53	2.08	3.01	5.79
Speengewig Maternaal	-0.03	0.59	-2.90	-1.41	-0.94	-0.74	-0.52	-0.43	-0.34	-0.21	-0.06	0.09	0.26	0.36	0.46	0.71	0.97	1.48	3.08
Speengewig Kombinasie	-0.07	0.96	-4.28	-2.07	-1.42	-1.12	-0.82	-0.72	-0.62	-0.41	-0.20	-0.01	0.29	0.48	0.68	1.28	1.75	2.51	4.75
Na-Speen Gewig	-0.49	1.82	-7.24	-3.96	-2.92	-2.39	-1.96	-1.75	-1.56	-1.26	-0.90	-0.40	0.23	0.63	0.99	2.08	2.97	4.61	9.11
Aantal Lammers Gespeen	0.59	2.70	-9.30	-5.00	-4.10	-2.70	-1.50	-1.10	-0.80	-0.10	0.50	1.10	1.70	2.10	2.50	4.00	5.40	8.10	17.60
Totale Massa Gespeen (TWW)	0.24	2.28	-8.32	-4.63	-3.11	-2.30	-1.48	-1.26	-0.95	-0.46	-0.07	0.41	1.05	1.48	1.95	3.39	4.58	6.60	10.90
Ouderdom Eerste Lamming	-0.13	-4.88	30.68	12.31	7.93	5.91	3.62	2.87	2.15	0.99	-0.13	-1.31	-2.45	-3.14	-3.93	-5.96	-8.28	-11.88	-26.31
Inter-lam Periode	-0.36	-7.80	56.43	20.90	13.49	9.89	5.76	4.17	2.82	0.71	-1.22	-2.97	-4.62	-5.29	-6.17	-9.00	-11.90	-17.94	-35.86
Groei Indeks	94	10	59	74	81	84	87	88	89	90	92	95	98	100	103	109	114	123	141
Reproduksie Indeks	97	10	52	74	81	85	89	90	91	94	96	99	101	103	105	110	115	124	153
Logix Meriete Indeks	95	11	55	75	80	83	87	88	89	91	94	96	99	101	103	110	115	124	146

*SA : Standaardafwyking. Dit dui aan hoe ver die teelwaardes/seleksie indekse rondom die gemiddeld versprei is.

Teelwaarde en Seleksie Indeks Persentiele

Alle Aktiewe Ramme

Eienskap	Gem	SA*	Min	Persentiele (%)															Max
				1	5	10	20	25	30	40	50	60	70	75	80	90	95	99	
Speengewig Direk	0.05	1.12	-3.70	-1.86	-1.32	-1.17	-0.92	-0.78	-0.68	-0.49	-0.22	0.12	0.52	0.76	1.03	1.67	2.20	3.05	5.79
Speengewig Maternaal	0.00	0.55	-2.00	-1.22	-0.86	-0.67	-0.46	-0.37	-0.30	-0.17	-0.02	0.12	0.28	0.37	0.46	0.71	0.94	1.42	2.44
Speengewig Kombinasie	0.02	0.93	-2.67	-1.76	-1.22	-0.98	-0.76	-0.65	-0.54	-0.35	-0.13	0.07	0.40	0.58	0.79	1.36	1.80	2.52	4.44
Na-Speen Gewig	-0.30	1.81	-6.14	-3.60	-2.58	-2.14	-1.79	-1.60	-1.43	-1.14	-0.74	-0.25	0.47	0.81	1.25	2.34	3.16	4.66	9.11
Aantal Lammers Gespeen	0.70	2.46	-8.50	-4.50	-3.00	-2.30	-1.30	-1.00	-0.60	0.00	0.60	1.10	1.70	2.00	2.40	3.90	5.20	7.60	13.40
Totale Massa Gespeen (TWW)	0.47	2.19	-6.35	-3.73	-2.54	-1.94	-1.31	-0.98	-0.72	-0.30	0.04	0.53	1.20	1.64	2.18	3.63	4.77	6.44	10.85
Ouderdom Eerste Lamming	0.00	-4.46	19.12	10.97	7.38	5.62	3.48	2.80	2.12	1.10	0.05	-1.15	-2.17	-2.75	-3.49	-5.46	-7.11	-10.68	-23.87
Inter-lam Periode	-0.56	-6.99	35.22	18.74	12.10	8.64	4.90	3.41	2.27	0.39	-1.25	-2.92	-4.48	-5.29	-5.96	-8.41	-10.77	-15.75	-30.26
Groei Indeks	95	10	66	78	83	85	87	88	89	91	93	96	100	102	104	110	115	123	141
Reproduksie Indeks	97	10	55	76	83	86	89	90	92	94	96	99	101	103	105	111	115	124	153
Logix Meriete Indeks	96	10	66	77	82	84	87	88	89	92	94	97	100	102	104	111	116	123	142

Alle Aktiewe Ooie

Eienskap	Gem	SA*	Min	Persentiele (%)															Max
				1	5	10	20	25	30	40	50	60	70	75	80	90	95	99	
Speengewig Direk	-0.14	1.10	-3.81	-2.13	-1.52	-1.27	-1.04	-0.92	-0.81	-0.60	-0.38	-0.08	0.27	0.47	0.74	1.45	2.01	3.00	5.63
Speengewig Maternaal	-0.05	0.61	-2.90	-1.50	-0.98	-0.77	-0.55	-0.45	-0.37	-0.23	-0.08	0.07	0.25	0.35	0.45	0.71	0.98	1.51	3.08
Speengewig Kombinasie	-0.12	0.97	-4.28	-2.21	-1.51	-1.18	-0.86	-0.76	-0.65	-0.44	-0.22	-0.05	0.23	0.42	0.62	1.22	1.71	2.51	4.75
Na-Speen Gewig	-0.58	1.82	-7.24	-4.11	-3.02	-2.52	-2.05	-1.84	-1.63	-1.31	-0.97	-0.48	0.11	0.51	0.85	1.96	2.83	4.57	9.10
Aantal Lammers Gespeen	0.53	2.81	-9.30	-5.20	-4.20	-3.10	-1.70	-1.30	-0.90	-0.10	0.50	1.00	1.70	2.10	2.50	4.10	5.40	8.30	17.60
Totale Massa Gespeen (TWW)	0.13	2.31	-8.32	-4.85	-3.35	-2.50	-1.63	-1.37	-1.08	-0.55	-0.14	0.35	0.96	1.38	1.83	3.26	4.48	6.66	10.90
Ouderdom Eerste Lamming	-0.20	-5.08	30.68	12.91	8.19	6.05	3.68	2.88	2.16	0.96	-0.22	-1.41	-2.65	-3.29	-4.14	-6.34	-8.76	-12.31	-26.31
Inter-lam Periode	-0.25	-8.19	56.43	21.86	14.10	10.50	6.28	4.57	3.18	0.83	-1.20	-3.01	-4.71	-5.29	-6.32	-9.36	-12.40	-19.14	-35.86
Groei Indeks	94	10	59	73	80	83	86	87	88	90	92	94	97	100	102	108	114	123	141
Reproduksie Indeks	97	11	52	73	80	84	88	90	91	94	96	98	101	103	105	110	115	124	148
Logix Meriete Indeks	95	11	55	74	79	83	86	88	89	91	93	96	99	101	103	109	115	124	146

*SA : Standaardafwyking. Dit dui aan hoe ver die teelwaardes/seleksie indekse rondom die gemiddeld versprei is.

Ramme



Gegenotipeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is
as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting				Seleksie Indekse			EBV - Gewigte						EBV - Vrugbaarheid										
Dier ID Rek.nr	Ouers			% In- teling	Logix Meriete Indeks	Groeï Indeks	Repro- duksie Indeks	Speengewig		Komb	Na-speen		Lammers Gespeen		TWW		OEL		ILP		Moeder		
	Vader	Moeder						Dir	Mat		Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	OPI
								EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk
Aktiewe rasgemiddeld:					100	100	100	-0.08	-0.03	-0.07	-0.49	0.59	0.24	-0.13	-0.36								
CCS 20 0118 89494363	CCS 19 0054 KERN 11 0007		1.11	106	95	107	0.09 62	96	-0.05 51	97	0.00 96	-0.66 44	94	2.40 37	105	1.49 52	101	-9.39 31	124	-3.14 34	101	119	11
CCS 21 0325 93217081	CCS 20 0113 CCS 17 0059		1.51	103	90	108	-0.73 78	88	0.05 53	99	-0.32 92	-1.65 56	89	4.30 41	112	1.89 60	103	-3.05 32	109	-7.38 36	108	109	10
CCS 22 0237 94632890	CCS 20 0263 CCS 17 0171		4.49	76	84	68	-0.23 64	93	-1.41 48	73	-1.53 79	-2.38 59	85	-6.10 38	73	-5.30 52	70	-3.89 31	111	-14.61 34	119	146	10
CCS 26 0134 112878640	CCS 24 0057 CCS 24 0285		2.49	95	91	97	-0.33 49	92	-0.30 24	93	-0.46 91	-1.00 43	92	1.40 17	101	0.21 32	95	-3.33 20	110	3.01 20	91		1
Ram Kuddegemiddeld:					95	90	95	-0.30	-0.43	-0.58	-1.42	0.50	-0.43	-4.92	-5.53								
Aantal ramme in die kudde:					4																		

Ooie



Gegenotipeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is
as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting			Seleksie Indekse			EBV - Gewigte				EBV - Vrugbaarheid					
Dier ID	Ouers	% In-	Logix	Groei	Repro-	Speengewig		Na-speen		Lammers	TWW	OEL	ILP	OPI	Kere
Rek.nr	Vader Moeder	teling	Meriete Indeks	Indeks	duksie Indeks	Dir	Mat	Komb		Gespeen					gelam
						Akk	EBV	EBV	EBV	Akk	EBV	EBV	EBV	Fenotipe	
						Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks		
Aktiewe rasgemiddeld:			100	100	100	-0.08	-0.03	-0.07	-0.49	0.59	0.24	-0.13	-0.36		
CCS 17 0144	CCS 15 0087	1.73	83	94	84	-0.13	-0.19	-0.26	0.06	-4.30	-2.91	-2.10	-3.48	105	7
81473787	- - -					66 94	69 95	93	51 98	43 79	62 81	34 107	39 102		
CCS 19 0068	CRL 16 0100	1.18	93	90	94	-0.37	-0.39	-0.57	-1.03	0.20	-0.64	-3.24	-8.29	120	9
83521179	CCS 17 0147					73 91	70 91	90	63 92	54 97	67 91	39 110	48 109		
CCS 20 0404	CCS 17 0104	1.80	84	77	88	-1.65	-0.82	-1.65	-3.74	-0.10	-2.53	-6.48	-4.45		0
91246983	CCS 18 0071					64 80	53 84	78	46 77	44 96	55 82	35 117	38 103		
CCS 24 0285	FJD 21 0160	2.55	90	84	96	-1.36	0.03	-0.65	-3.06	0.10	-1.26	-4.25	1.89		1
107198152	CCS 23 0402					55 82	26 98	89	46 81	17 96	35 88	25 112	25 93		
CCS 24 2012	JW 21 0080	3.63	81	80	75	-0.56	-2.02	-2.30	-2.18	1.10	-1.92	0.90	-2.53	99	1
99529463	CCS 20 1002					63 90	51 64	71	59 86	33 100	51 85	32 100	32 100		
CCS 24 2017	JW 21 0080	2.55	90	82	90	-0.85	-1.16	-1.59	-2.34	1.80	-0.93	-5.08	-8.20		0
100096320	CCS 21 2004					59 87	42 78	79	42 85	26 103	45 90	30 114	29 109		
DM 25 0005	DM 23 0039	3.10	92	95	85	0.79	-0.97	-0.58	0.10	-2.30	-1.57	-6.86	-6.45	99	1
107146334	DM 22 0070					63 102	48 81	89	62 98	34 87	51 87	33 118	25 106		
DM 25 0024	DM 23 0039	8.14	92	86	92	-0.43	-0.96	-1.18	-1.75	1.60	-0.43	-8.37	7.66	97	1
107193062	DM 24 0006					63 91	49 81	83	63 88	35 102	51 92	37 122	29 84		
RFB 25 0024	JW 20 0014	4.02	100	94	103	-0.18	-0.13	-0.22	-0.17	3.00	1.49	-4.04	3.79		0
108049529	RFB 19 0001					29 93	27 96	93	25 97	20 107	26 101	24 112	26 90		
NM 25 3376	OC 22 0360	3.09	91	84	94	-1.04	-0.63	-1.15	-2.18	2.40	-0.23	-4.06	6.20		0
108942293	NM 22 2508					32 85	25 87	83	21 86	17 105	26 93	27 112	28 86		
CCS 26 2040	CCS 24 0057	11.59	84	80	84	-1.12	-1.26	-1.82	-2.15	1.90	-1.24	-0.76	0.80		0
112897848	CCS 24 2012					59 85	33 76	76	47 86	22 103	40 88	22 104	22 95		
Ooi Kuddegemiddeld			89	86	89	-0.63	-0.77	-1.09	-1.68	0.49	-1.11	-4.03	-1.19		
Totale ooië in die kudde: 11															



Vaders Gebruik in Kudde



*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is
as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting		Ouers & Nageslag						Seleksie Indekse			EBV - Gewigte						EBV - Vrugbaarheid									
Dier ID Rekenaar nr	%In- teling	Vader ID Moeder ID		1ste generasie				LMI	GI	RI	Speengewig		Komb	Na-speen		Lammers gespeen	TWW		OEL		ILP		Moeder			
				Nageslag gespeen	Aantal kuddes	Nageslag gespeen	Aantal kuddes				Dir	Mat		Akk	Indeks		Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks			Akk	Indeks
		Aktiewe rasgemiddeld:						100	100	100	-0.08	-0.03	-0.07	-0.49	0.59	0.24	-0.13	-0.36								
CCS 15 0087 81344863	1.16	CRC CCS	10 0610 13 0013	33	1	25	1	92	98	87	0.68 89	-0.23 101	85	94	0.11 97	-0.37 84	-4.50 73	-2.25 84	-0.72 60	-30.54 104	65	136	100	15		
CRL 16 0100 80961527	1.00	JW CRL	14 0189 09 0055	95	1	36	2	88	88	94	-0.89 92	-0.03 87	81	97	-0.47 91	-1.57 70	0.00 68	-0.91 82	-4.12 64	13.17 112	69	75		4		
CCS 17 0104 81385999	0.92	CCS CCS	16 0057 10 0001	130	1	37	1	93	78	98	-1.70 94	-0.67 79	85	86	-1.52 79	-3.93 82	2.20 73	-1.05 86	-14.52 62	8.22 135	66	83	134	13		
CCS 19 0054 83521153	1.37	CCS CCS	17 0104 17 0062	154	3	32	1	112	91	119	-0.70 95	0.14 88	83	100	-0.21 93	-1.39 78	5.20 70	2.56 85	-17.40 61	-3.75 136	65	102	133	11		
JW 20 0014 86231792	7.27	JW CRL	18 0829 17 0300					119	95	124	-0.18 50	0.21 93	47	102	0.12 97	-0.93 42	8.30 34	5.02 117	-6.63 42	-6.60 118	46	107		6		
CCS 20 0113 89747414	1.76	CCS CCS	18 0500 17 0077	54	1	9	1	108	100	102	1.17 89	-0.48 106	67	90	0.10 97	0.43 63	3.20 52	2.61 72	-2.00 44	-6.60 107	47	107	94	9		
CCS 20 0263 91123570	1.48	CCS CCS	18 1032 19 0126	90	1	9	1	76	87	68	0.18 92	-1.52 96	65	71	-1.43 80	-1.29 81	-4.30 50	-3.92 72	0.74 47	-4.91 101	50	104	100	6		
JW 21 0080 91735068	7.13	JW JW	18 0879 19 0004	162	1	22	1	114	92	105	0.90 95	-1.49 103	72	72	-1.04 84	-0.81 82	7.80 52	4.09 76	-7.01 60	-8.84 118	58	110	160	9		
FJD 21 0160 97179337	2.55			20	2			102	85	117	-2.13 68	1.08 75	7	117	0.01 96	-3.67 29	1.60 5	-0.09 29	-14.43 38	-1.03 135	38	98				
OC 22 0360 94222254	2.42	OC SS	21 0041 16 5420	6	2	1	1	90	82	92	-0.90 58	-1.03 87	43	80	-1.48 80	-2.27 36	2.90 30	-0.19 46	-8.70 31	25.79 122	35	64	155	10		
DM 23 0039 96796362	1.74	JW JW	14 0187 18 0053	65	2	16	1	91	91	83	0.54 89	-1.33 100	62	75	-1.06 84	-0.86 85	-0.90 44	-1.33 68	-6.99 51	-0.69 118	37	97	126	8		
CCS 24 0057 100123389	4.68	CCS CCS	22 0159 22 0438	27	1			99	98	97	0.69 81	-0.62 101	41	87	-0.28 93	1.07 73	2.80 29	1.75 54	-2.42 31	4.12 108	31	90	97	4		
Vaders Kuddegemiddeld:								99	90	99	-0.19	-0.50	-0.59	-1.30	2.03	0.52	-7.02	-0.97								
Aantal vaders gebruik in die kudde: 12																										

Ram Seleksielys: LMI

Diere is sorteer op LMI

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is
as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting		Ouers & Nageslag						Seleksie Indekse			EBV - Gewigte						EBV - Vrugbaarheid									
Dier ID Rekenaar nr	% In- teling	Vader ID Moeder ID	1ste Gen		2de Gen		LMI	GI	RI	Dir	Speengewig		Komb	Na-speen		Lammers gespeen	TWW		OEL		ILP		Moeder			
			Nageslag	Aantal	Nageslag	Aantal					Akk	EBV		Akk	EBV		EBV	Akk	EBV	Akk	EBV	EBV	Akk	EBV	OPI	Kere
			gespeen	kuddes	gespeen	kuddes					Indeks	Indeks		Indeks	Indeks		Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Indeks	Gelam
			Aktiewe rasgemiddeld:				100	100	100	-0.08	-0.03	-0.07	-0.49	0.59	0.24	-0.13	-0.36									
1 CCS 20 0118 89494363	1.11	CCS 19 0054 KERN 11 0007					106	95	107	0.09 62	-0.05 51	96 97	0.00 96	-0.66 44	94	2.40 37	1.49 105	52	-9.39 31	124	-3.14 34	101	119	11		
2 CCS 21 0325 93217081	1.51	CCS 20 0113 CCS 17 0059	17	1	2	1	103	90	108	-0.73 78	0.05 53	99	-0.32 92	-1.65 56	89	4.30 41	1.89 112	60	-3.05 32	109	-7.38 36	108	109	10		
3 CCS 26 0134 112878640	2.49	CCS 24 0057 CCS 24 0285					95	91	97	-0.33 49	-0.30 24	93	-0.46 91	-1.00 43	92	1.40 17	0.21 101	32	-3.33 20	110	3.01 20	91		1		
4 CCS 22 0237 94632890	4.49	CCS 20 0263 CCS 17 0171					76	84	68	-0.23 64	-1.41 48	73	-1.53 79	-2.38 59	85	-6.10 38	-5.30 70	52	-3.89 31	111	-14.61 34	119	146	10		

Ooi Seleksielys: LMI

Diere is sorteer op LMI

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is
as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting			Ouers	Seleksie Indekse			EBV - Gewigte				EBV - Vrugbaarheid								
Dier ID Rekenaar nr		% In- teling	Vader ID Moeder ID	LMI	GI	RI	Speengewig		Komb	Na-speen		Lammers gespeen	TWW		OEL		ILP	OPI	Kere gelam
							Dir	Mat		Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	Indeks	Akk	
Aktiewe Rasgemiddeld: rasgemiddeld:				100	100	100	-0.08	-0.03	-0.07	-0.49	0.59	0.24	-0.13	-0.36					
1	RFB 25 0024 108049529	4.02	JW 20 0014 RFB 19 0001	100	94	103	-0.18 29 93	-0.13 27 96	-0.22 93	-0.17 25 97	3.00 20 107	1.49 26 101	-4.04 24 112	3.79 26 90					0
2	CCS 19 0068 83521179	1.18	CRL 16 0100 CCS 17 0147	93	90	94	-0.37 73 91	-0.39 70 91	-0.57 90	-1.03 63 92	0.20 54 97	-0.64 67 91	-3.24 39 110	-8.29 48 109				120	9
3	DM 25 0024 107193062	8.14	DM 23 0039 DM 24 0006	92	86	92	-0.43 63 91	-0.96 49 81	-1.18 83	-1.75 63 88	1.60 35 102	-0.43 51 92	-8.37 37 122	7.66 29 84				97	1
4	DM 25 0005 107146334	3.10	DM 23 0039 DM 22 0070	92	95	85	0.79 63 102	-0.97 48 81	-0.58 89	0.10 62 98	-2.30 34 87	-1.57 51 87	-6.86 33 118	-6.45 25 106				99	1
5	NM 25 3376 108942293	3.09	OC 22 0360 NM 22 2508	91	84	94	-1.04 32 85	-0.63 25 87	-1.15 83	-2.18 21 86	2.40 17 105	-0.23 26 93	-4.06 27 112	6.20 28 86					0
6	CCS 24 2017 100096320	2.55	JW 21 0080 CCS 21 2004	90	82	90	-0.85 59 87	-1.16 42 78	-1.59 79	-2.34 42 85	1.80 26 103	-0.93 45 90	-5.08 30 114	-8.20 29 109					0
7	CCS 24 0285 107198152	2.55	FJD 21 0160 CCS 23 0402	90	84	96	-1.36 55 82	0.03 26 98	-0.65 89	-3.06 46 81	0.10 17 96	-1.26 35 88	-4.25 25 112	1.89 25 93					1
8	CCS 20 0404 91246983	1.80	CCS 17 0104 CCS 18 0071	84	77	88	-1.65 64 80	-0.82 53 84	-1.65 78	-3.74 46 77	-0.10 44 96	-2.53 55 82	-6.48 35 117	-4.45 38 103					0
9	CCS 26 2040 112897848	11.59	CCS 24 0057 CCS 24 2012	84	80	84	-1.12 59 85	-1.26 33 76	-1.82 76	-2.15 47 86	1.90 22 103	-1.24 40 88	-0.76 22 104	0.80 22 95					0
10	CCS 17 0144 81473787	1.73	CCS 15 0087 - - -	83	94	84	-0.13 66 94	-0.19 69 95	-0.26 93	0.06 51 98	-4.30 43 79	-2.91 62 81	-2.10 34 107	-3.48 39 102				105	7
11	CCS 24 2012 99529463	3.63	JW 21 0080 CCS 20 1002	81	80	75	-0.56 63 90	-2.02 51 64	-2.30 71	-2.18 59 86	1.10 33 100	-1.92 51 85	0.90 32 100	-2.53 32 100				99	1